*Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging * Bushveld Hunters and Game Conservation Association*

PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **7 JULIE 2015**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Voorsitter open met gebed en heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Basie Buitendach, Patrick Meyer, Braam Els, Attie Diedericks, Piet du Toit, Ockert Fourie, Wouter Chalmers. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Attie Diedericks.<br>1.5.2 Braam Els – pa het hartaanval gehad. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Geen korrespondensie ontvang dus het geen bespreking plaasgevind nie. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 7 Julie 2015. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | Almal |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Stan Rodgers | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Hennie Chalmers | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | Rudi Myburgh |
| | 1.8.1. Skiet dae<br>Voorsitter spreek sy kommer uit oor sy waarneming van BJV lede wat duidelik nie so vetroud is met hulle handwapens as met hulle jag gewere nie. Hy moedig alle lede aan om meer gereeld met hulle handwapens te skiet. BJV bestuur onderneem om meer gereeld geleenthede te skep waartydens lede sinvol met hulle handwapens kan kompeteer. Hier sal spesifieke fokus wees op die SADPA benadering, waar ‘n skut aangemoedig word om sy/haar lyf te beskerm | |
| | 1.8.2. Haelgeweer<br>Voorstel dat BJV meer indringend daarna kyk om skietgeleenthede te skep vir meer gereelde haelgeweer oefeninge. Voorsitter sal die aangeleentheid met André Saaiman bespreek vir die beskikbaar van sy fasiliteite asook die koste uitleg daaraan verbonde. | |
| | 1.8.3 Algemeen<br>BJV bied verskeie skietdae per jaar aan, huidiglik is die meeste van hulle kompeterend van aard. In 2015 was daar alreeds twee sosiale skiet oefeninge, wat baie goed ondersteun was. Daar is ‘n algemene gevoel dat die koste uitleg vir skiet dae baie hoog is en dat sosiale skietdae waar minimum skote geskiet word, meer bekostigbaar is vir die gemiddelde BJV lid. Daar moet dus ernstig gekyk word na meer van hierdie geleenthede op ons jaar kalender. Dit word pertinent genoem dat CHASA se vereistes van twee skietoefeninge per jaar steeds gehandhaaf sal word vir lede wat hulle sportskiet status so verkry het. Die Voorsitter dui aan dat hy baie bekommerd is oor die lukrake manier waarop CHASA huidiglik met lede se punte omgaan. | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br><br>1.9.1 Skietbaan<br><br>Thinus Botha en Paul Eksteen dui aan dat daar ‘n intense behoefte is vir meer bane. Spesifieke fokus op nog n 100 m baan en n paar ander wat die “3-gun” lede kan akkommodeer, sonder om die skietbaan te sluit vir die publike tydens sulke aktiwiteite.<br><br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br><br>Lys met name van nuwe lede word by die oorspronklike notule aangeheg.<br><br>1.9.3 Webwerf<br><br>Nuwe sekretaris verkies, sal binnekort toegang verkry tot administratiewe funksies op webblad. Lede word weereens aangemoedig om hierdie bron van inligting te gebruik. | Rudi<br><br>Debbie<br><br>Almal |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 CHASA kursus<br><br>‘n Versoek word gerig dat Debbie ‘n sms rakende belangstelling in so ‘n kursus moet stuur. Stan word gevra om na moontlike datums te kyk vir die kursus.<br><br>1.10.2 Junior opleiding<br><br>In die lig van beprekte beskikbare tyd is daat tans onsekerheid oor 2015 aktiwiteite. Voorsitter sal die aangeleentheid met die Onder-voorsitter bespreek.<br><br>1.10.3 Herlaai kursus<br><br>Ongelooflike belangstelling in n opvolg op die eerste herlaai kursus wat hierdie jaar aangebied is. Die moontlikheid word ondersoek om dit voor einde Oktober af te handel.<br><br>1.10.4 Teleskoop kursus<br><br>Rudi rapporteer dat hy met `n Vortex verteenwoordiger gereël het om die kursus te kom aanbied. Datum en koste sal bevestig word. Lede wat belang stel kan solank hulle name by Debbie opgee. Hierdie gaan n praktiese kursus wees waar lede hulle eie gelaaide ammunisie / gewere gaan gebruik. Weens die behoefte aan n lang baan, sal dit in alle waarskynlikheid op Potgietersrus baan gedoen word. | Rudi / Debbie<br><br>Rudi/Basie<br><br>Rudi<br><br>Rudi / Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Om hierdie status te verkry / behou word lede herinner aan die minimu vereiste van drie BJV ondersteunde aktiwiteite en dat hul lede gelde opbetaal moet wees.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Geen. | Toegewydejagters<br><br>Debbie |
| **1.12**<br><br>**1.13**<br><br>**1.14** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Ben Redelinghuys kon vergadering nie bywoon, bespreking staan oor.<br><br>**Sosiaal / Social**<br><br>1.13.1. Algemeen<br><br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res.<br><br>**Skietdae**<br><br>1.14.1 Skietdag (Rondomtalie Terugvoer) –24 Augustus 2015<br><br>Rudi bedank die volgende instansies/maatskappye wat die Rondomtalie skietdag ondersteun het met borge: Arms for Africa, Marlen Industries, Sengenta, The Ranch Hotel.<br><br>Die algehele wenner was Roelof Myburgh, gevolg deur Johan Grimbeek en Rudi Myburgh.<br><br>1.14.3 Intertak Skiet – 19 September 2015<br><br>Soos tevore is daar 'n trofee vir die wenspan. Deelname is gebasseer op uitnodiging en inskrywings moet voor / op 17 September gedoen word. Lede kan deelneem as 'n span, maar daar is ook geleentheid vir lede wat as individue wil deelneem. Die uitleg van die kompetisie is as volg:<br><br>Bigbore: kalibers 9,3mm en groter, penalisasie sisteem sal toegepas word vir kalibers kleiner as 9,3mm Vier teikens (krokodil, luiperd, buffel en leeu) gaan op praktiese grootwild distansies geplaas word.<br><br>.22 Ghong baan: alle deelnemers gaan vanuit 'n dooierus posisie skiet. Ghonge gaan op distansies van 40 tot 100 m geplaas word. Ghonge het punt sones (10, 7, 5), en | Ben<br><br>Dennis Traynor<br><br>Rudi |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | skootplasing gaan beslis ‘n groot rol speel.<br><br>Jag geweer: vir die span kompetisie moet gelet word dat daar uit verskillende posisies geskiet gaan word.<br><br>50 m staan (vlakvark)<br><br>Vyf ghonge: 150 tot  200 m (verskillende posisies)<br><br>Rooibok: 100 m die skut mag nie lê nie maar kan uit enige ander posisie skiet. | |

**2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING**
**NEW ISSUES FOR DISCUSSION**

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | BJV Jaareinde<br><br>Op versoek van lede word die boekjaar van BJV verskuif. Dit sal meebring dat die rekeninge wat nou uitgaan op n prorata basis gedoen sal word. Ledegelde is betaalbaar tot en met einde Februarie 2016. Gedurende Maart 2016 sal ‘n Volgende rekening uitgestuur word vir die tydperk Maart 2016 tot Februarie 2017. In effek beteken dit dus dat die BJV AJV sal moet verskuif vanaf Oktober. Tydens die algemene jaar vergadering in Oktober 2015 sal die datum vir die volgende algemene jaarvergadering in 2016 bepaal word. | Almal |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal  plaasvind op 13 Oktober 2015 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes gedurende vergadering en nooi lede weer om te kom saam eet. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

_____________________ _____________________
Sekretaris Datum

_____________________ _____________________
Voorsitter Datum